

© Die Oratorium Uitgewery

# Eerbiedwaardige Beda

## 25 Mei

(c.672-735)

Beda is in Northumbrië in die destydse Angelsaksiese Engeland gebore. Hy sluit aan by die klooster van Jarrow en word later priester gewy. Hy bring die res van sy lewe in dié klooster deur. Hy wy homself toe aan die bestudering van die Heilige skrif en word 'n belangrike skrywer. Hy staan bekend as die *'vader van die Engelse geskiedenis'* omdat hy soveel gedoen het om die geskiedenis van sy volk op te teken. Hy skryf ook belangrike werke oor Bybelboeke en grammatika. Sy dissipel Cuthbert het die volgende oor hom gesê: *"Ek kan waarlik verklaar dat ek nog nooit iemand soos hy teëgekom het nie, wat in alles wat hy gedoen het deurentyd besig was om in dankbaarheid die lewende God te prys."* Sy nalatenskap aan die Kerk in Engeland was enorm.